Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PERSONEELOPLEIDING N5

(4110445)

**2 Desember 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELOPLEIDING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Volwasse-onderrig is die oorkoepelende tervir alle opleiding wat volwassenes ontvang.

1.1.2 Erkenning van vroeëre opleiding' is een van die beginsels van die NKR ('NQF').

1.1.3 Kinders wil nie voorgeskryf word nie.

1.1.4 Die insette ten opsigte van opleiding sal opleidingsbehoeftes insluit.

1.1.5 Om aanvanklike weerstand van groepwerk te verlig word ysbrekers gebruik.

1.1.6 Deur van gedrukte media gebruik te maak kan die leerspoed deur leerlinge self beheer word.

1.1.7 'n Leerling behoort geprys te word as hy/sy vrywilliglik 'n verkeerde antwoord op 'n vraag gee.

1.1.8 Die Sid-Afrikaanse arbeidsmark word gekenmerk deur die behoefte aan geskoolde arbeid en 'n surplus van ongeskoolde arbeid.

1.1.9 Vergaderings is samekomste van persone wat daarin geïntereseerd is om deel te neem aan besprekings van teenoorgestelde belange.

1.1.10 Interaktiewe media is redelik maklik om voor te berei.

(10 × 2) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die proses waar individue van plattelandse en plaasgemeenskappe nader aan die stede beweeg om indiensneming te soek

1.2.2 Volwasse opleiding en ontwikkeling

1.2.3 Funksionele kennis en vaardighede wat die opleier moet hê

1.2.4 Verminder die gaping tussen teorie en praktyk

1.2.5 'n Vraag waarop nie net 'ja' of 'nee' geantwoord kan word nie, maar verskeie ander moontlikhede het

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| COLUMN A | | COLUMN B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Gevallestudie | A | geografies oor die land versprei |
| 1.3.2 | Sindikaat | B | opgeleide personeel |
| 1.3.3 | Inset ('Input') | C | om belangstelling te stimuleer |
| 1.3.4 | Vrae | D | 'n soort nagebootste leerwyse |
| 1.3.5 | Aktivis | E | 'n leerstyl |

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie AFDELING.

**VRAAG 2**

2.1 Definieer die volgende woorde:

2.1.1 Remediërende onderwyser

2.1.2 Informele sektor

2.1.3 Arbeidsintensiewe produksie

2.1.4 Arbeidersproduktiwiteit

2.1.5 Ongeskoolde arbeid

2.1.6 Opleiding

(6 × 2) (12)

2.2 Opleiers moet ysbrekers doeltreffend gebruik.

Noem SES riglyne wanneer ysbrekers gekies word. (2 × 6) (12)

2.3 Noem SES voordele van direkte vrae wat tydens opleiding gevra word. (6)

2.4 Wat is die doel van rollespel as opleidingsmetode? (10)
**[40]**


Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 3

3.1 As opleier moet jy verskeie rolle vervul.

Verduidelik kortliks die volgende rolle wat vervul moet word:

3.1.1 Groepsfasiliteerder

3.1.2 Programontwerper

3.1.3 Evalueerder

3.1.4 Behoefteanalis

3.1.5 Administrateur van opleidingsprogramme

3.1.6 Vakspesialis

(6 × 2) (12)

3.2 As opleier moet jy ook oor intellektuele vaardighede beskik.

Noem hierdie VIER vaardighede. (4 × 2) (8)

3.3 Noem VYF voordele van die televisie as 'n medium. (5 × 2) (10)

3.4 Gee 10 redes waarom dit belangrik is om vrae gedurende 'n voorlegging te vra. (10) **[40]**

## VRAAG 4

4.1 Noem VYF soorte vrae wat jy as fasiliteerder van gebruik kan maak. (5 × 2) (10)

4.2 Noem TWEE wetsartikels wat handel oor opleiding en ontwikkeling in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

4.3 As 'n opleier is dit belangrik om leerprobleme te identifiseer wat die leerders in verskillende stadia van die opleiding ervaar en om hulle dan na professionele hulp te verwys.

Verduidelik die rol wat die volgende professionele persone speel in die hantering van leerprobleme:

4.3.1 Remediërende onderwysers

4.3.2 Arbeidsterapeute

4.3.3 Spraakterapeute

4.3.4 Opvoedkundige sielkundiges

4.3.5 Neuroloë

4.3.6 Sielkundiges

(6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.4 Verduidelik SES voordele van gevallestudies. (2 × 6) (12)

4.5 Wat is die voordeel daarvan om die teateruitleg te gebruik wanneer opleiding plaasvind? (2)
**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Identifiseer die DRIE stadia waaruit die lesingsformaat moet bestaan. (2 × 3) (6)

5.2 Noem VYF nadele wat die gebruik van 'n projektor gedurende 'n voorlegging kan hê. (2 × 5) (10)

5.3 Wat is die doelstellings van die departement van arbeid. (20)

5.4 Noem die VIER doelstellings wanneer inmandjie-opleidingsmetode ('In-basket') gebruik word. (4)
**[40]**

**VRAAG 6**

.

6.1 Verduidelik die riglyne vir demonstrasies. (12)

6.2 Wat is die voordele van die gebruik van videos? (10)

6.3 Verduidelik die volgende beginsels om leer te optimaliseer:

6.3.1 Beginsel van totaliteit

6.3.2 Beginsel van persepsie

6.3.3 Beginsel van aktiwiteit

6.3.4 Beginsel van ontwikkeling

(3 × 4) (12)

6.4 Bespreek kortliks die volgende leerbeginsels:

6.4.1 Kennis van die resultate ('Knowledge of results')

6.4.2 Aktiewe deelname

6.4.3 Lukraak ('Trial and error')

(2 × 3) (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou